DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 17/2026– 20 Mei 2026

**Liewe Menlo**

'n Plettervat teen die koue, 'n hokkiebal wat 'n niksvermoedende been onkant betrap en ysvingers wat teen 'n netbalbal klap... Wintersport is so deel van ons DNA soos braaibroodjies en pannekoek. Wanneer ons aan ons eie skooldae terugdink, is dit juis die herinneringe aan sport op 'n vars wintersoggend wat die harte warm laat klop.

Wintersport op Menlo-bodem is 'n ernstige affêre. Oumas en oupas word opgelaai, pawiljoenkussinkies word ingepak en lang lense word aangeskroef. Op pad kry Ouma 'n blitskursus in rugby, netbal of hokkie en Oupa transformeer binne die kwessie van 'n paar minute in Menlo se grootste ondersteuner. Wanneer die stryd afskop, afgooi of afslaan word daar met dieselfde intensiteit gespeel as wanneer die Springbokke op die veld draf. Dit is alles of niks, want 100% is die Menlo-manier.

Dieselfde prentjie speel hom natuurlik by die opponente af en wanneer die spanne die baan of veld betree, is dit vir elke toeskouer duidelik dat daar 'n taai stryd wag.

Verlede week was geen uitsondering nie. Op die netbalbane is daar wipplank gery. Die astro is aan die brand gespeel en was dit nie vir die waterpouses nie, sou ons sekerlik die brandweer moes opkommandeer. Op die rugbyveld is lynstaantekens gebulder, rolmaalbewegings vervolmaak en vleuels het sierlik oor die doellyn geduik.

Die eindfluitjie het die stryd te gou beëindig en met die tuiskoms was Ouma en Oupa weer gewone mense. Later die naweek is daar met 'n vonkel in die oog op die sportfees gereflekteer: In wen of verloor bly dit steeds lekker om 'n Menloparker te wees.




Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JEREMIA 17:7–8**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Wat gebeur gedurende die week van 22 — 26 Junie?

- Gewone skoolweek vir alle leerders.
- Die skool verdaag om 13:00.
- Antwoordstelle word uitgedeel, behandel en gekontroleer.
- Skool sluit: 26 Junie 2026 om 10:00.

## Eksamenrooster

- Die eksamenrooster is op Ed-admin beskikbaar.
- Graad 8 & 9: Eksamen begin op Dinsdag, 26 Mei 2026.

## Eksamensessies

**Graad 10 — 12**

- Sessie 1: 08:00.
- Sessie 2: 12:00 (tensy daar 'n spesiale reëling met leerders getref is).
- Leerders meld 30 minute voordat 'n eksamensessie begin by die eksamenlokaal aan.

**Graad 8 — 9**

- Leerders skryf gedurende die tweede sessie en verdaag om 12:00.

## Menlo-kalender

Menlo-ouers kan voortaan op hoogte van gebeure op Menlo-bodem bly deur die kalender op Ed-admin en die skool se webblad te besigtig.

#HouHierdieSpasieDop

## Ed-admin

Die kode vir Ed-admin is 599649.

Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## EXCLUSIVE BOOKS

**Exclusive Books** hou vandeesweek (20 — 22 Mei) 'n boekverkoping in die mediasentrum.

Die nuutste boeke (fiksie en nie-fiksie) in 'n wye verskeidenheid van genres sal te koop aangebied word.

### Reünies

| | | |
|---|---|---|
| **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 |
| **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1983, 1991, 2001, 2011 & 2021. | |

### Menlo-ouers wat bid

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Verbindings met die woord "revue" word vas geskryf, bv.

"revuekaartjies"

"revueprogram"

"revuedeelnemers"

"revueoudisies".



## Oud-Parkie-das te koop

Dasse kan by die Menlobond-kantoor of aanlyn gekoop word.

Volg gerus die **skakel**.

Koste: R250.

# AKADEMIE

## KLASSE 10 DEUTSCHER ABEND




Die vuurtjie knetter gesellig in die kaggel en die speseryreuk van (Kinder)glühwein wat prut, verplaas 'n mens direk na die atmosfeer by 'n Duitse Kersmark. Vrolike Duitse musiek speel in die agtergrond, terwyl die lekkerste Duitse delikatessen die monde laat water.

As voorgereg knibbel ons aan varsgebakte Brezeln voordat die hoofgereg van Schnitzel met kaassous, Bratwurst, Kartoffelsalat en Sauerkraut aan die beurt kom. Natuurlik val Sauerkraut (gepiekelde suurkool) nie in almal se smaak nie, maar elkeen probeer darem 'n skeppie. As 'n mens dapper genoeg is om 'n vreemde taal aan te leer, skrik 'n mens ook nie vir vreemde smake nie nie! As nagereg is die Apfelstrudel en Schwarzwälder Kuchen (swartwoudkoek) immergewild.

Ons speel lekker speletjies en die Duitse charades laat almal kopkrap. Aan die einde van die aand is almal dit eens dat Duits nie net nog 'n vak is nie. Deutsch macht Spaß! (Duits is pret!) Baie dankie aan die Smit-gesin wat hulle huis aan die graad 10-Duitsgroep beskikbaar gestel het vir hierde heerlike Duitse aand!

## LW MAAK LEERDERS SOET

Die LW-leerders in graad 10 het die kwartaal op 'n soet noot afgesluit toe hulle hul selkennis en bakvernuf moes kombineer. Die Insig is nie seker of dit 'n leersame proses was nie, maar twyfel nie vir 'n oomblik dat dit een van die lekkerste LW-periodes was nie.











# KULTUUR

## REDENAARS: PARKIES OP PAD NA ATKV-SEMIFINAAL

**Graad 8 en 9: Voorbereid**

1. Zoë Eysele

**Graad 8 en 9: Onvoorbereid**

2. Xander Vermeulen

**Graad 8 en 9: Voorbereid en Onvoorbereid**

3. Keilah Visser
4. Lana Swanepoel
5. Rubert Pieters

**Graad 8 en 9: Addisionele Taal Voorbereid en Onvoorbereid**

6. Faith Mpeiwa

**Graad 10 tot 12: Huistaal Voorbereid**

7. Hildegard Havenga
8. Mia de Waal
9. Milé Swanepoel

**Graad 10 tot 12: Huistaal Onvoorbereid**

10. Erik Senekal
11. Le Roux van Wyk
12. Liané de Wet
13. Loané Prinsloo
14. Simoné Spies
15. Milan Visser

**Graad 10 tot 12: Huistaal Voorbereid en Onvoorbereid**

16. Leané Gerber

**Graad 10 tot 12: Addisionele Taal Voorbereid**

17. Masana Chauke


1


2


3


4


5


6


7


8


9


10


11


12


13


14


15


16


17

# KULTUUR

## KOOR BEHAAL HOOGSTE TOEKENNING BY ATKV-STREEKSFEES




Die pad na die finaal van die ATKV-Applouskompetisie is nie maklik nie, maar die Menlo-koor is na hulle puik optrede by die streeksfees een stap nader aan hierdie doelwit. Baie geluk aan die koor, me. Jeanmari van Papendorp en die koorpersoneel met 'n puik optrede.

# ATLETIEK

## PARKIES OP PAD NA O. 20-WÊRELDKAMPIOENSKAP

Hartlik geluk aan die atlete wat in die voorlopige SA span ingesluit is vir deelname aan die o. 20-wêreldkampioenskap. Die span sal van 5 — 9 Augustus in Oregon, Amerika, teen die beste o. 20-atlete ter wêreld in aksie wees. #menlotrots

Megan Nieman
100 m-hekkies, 400 m-hekkies, 4 x 400 m-aflos

Jaco van Dyk
Gewigstoot

Joshua Gerber
Diskus

Chirsté Loedolff (2025)
Diskus

Ryno Riekert (2025)
4 x 400 m-aflos







# HOKKIE

## DOSYNE PARKIES IN NORTHERNS-SPANNE

Baie geluk aan die Menlo-hokkiespelers wat Northerns-kleure verwerf het.

**O. 14A**

1. Isabella du Toit
2. Jana de Kock
3. Mia Buys
4. Leila Clark


1


2


3


4

**O. 14B**

5. Kylee Grobler
6. Lilliana Cloete
7. Linmari Kirkpatrick
8. Logan Adams


5


6


7


8

**O. 14C**

9. Ayva Potgieter
10. Mila de Beer


9


10

**O. 16A**

11. Emma Loubser
12. Monique Gerber


11


12

**O. 16B**

13. Madelie de Beer

**O. 16C**

14. Annie Bester


13


14

# HOKKIE

**O. 16D**

15. Janel Meijer
16. Kayra Grobler
17. Miané Campher
18. Nina Viljoen
19. Shiloh-Lee Stelfox
20. Inge Hattingh
    (niereisende reserwe)


15


16


17


18


19


20

**O. 18A**

21. Chanette Janse van Vuuren
22. Annika Kloppers


21


22

**O. 18B**

23. Katelyn Blokpoel
24. Kathleen van Rooyen
25. Kaylee Vermeulen


23


24


25

**O. 18C**

26. Simónn Hugo
27. Berdine de Wet


26


27

# WINTERSPORT

## DERBY: MENLO VS. WATERKLOOF

Wedstryde gespeel 51

Wedstryde gewen 27

Gelykop wedstryde 5














# LANDLOOP

## MENLO-LANGASEMS GEE DIE PAS AAN

Die Menlo-bodem is verlede Vrydag behoorlik deurgetrap toe honderde landloopatlete tussen die ouderdomme van ses en agtien jaar van heinde en verre vir ons eie prestige-aflosbyeenkoms aangetree het.

So feestelik was die atmosfeer by die Asics Menlo Landloopaflosbyeenkoms dat selfs die onfikses onder ons se voete gejeuk het om die roete aan te durf.

Atlete het die stokkie telkens onder luide toejuiging van die toeskouers aangegee en die Menloparkers het dit sowaar lekker laat lyk om so ver te hardloop.

Baie dankie aan me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith vir die organisasie van ’n puik byeenkoms.

Dit sit nie in enigeen se tekkies om bykans 300 spanne by dieselfde byeenkoms te akkommodeer nie en Menlo se landlooporganiseerders het dit reggekry om hierdie ingewikkelde taak soos ’n *walk in the park* te laat lyk.

Welgedaan!


















# NOODHULP

## NOODGEVAL? GEEN NOODGEVAL!

Nege en dertig van Menlo se aspirantparamedici het hulle vlak 1-noodhulpkursus op 12 en 13 Mei voltooi.

Welgedaan!








# PRESTASIE BUITE SKOOLVERBAND

## SA FIGUURSKAATSKAMPIOENSKAP




| | | |
|---|---|---|
| Tristané Schmulian | Afdeling: Junior Women | 4de |

Tristané is as spanleier van Gauteng-Noord aangewys. Haar prestasie en inspirasie het die span aangevuur om die tweede plek te behaal.

# PARKIE-ENTREPRENEURS








MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!






# MARKPLEIN










## ECST Open Day!

**Saturday | 23 May 2026 | 9 am - 12 pm**

- Hands-on Demo
- Bursaries available
- Complimentary Mathematics & Science bootcamp ticket

Unit 3, Elevation Gardens, 114 Augrabies Road, Waterfall Office Park, Midrand

Scan to register

**ecst.ac.za/open**

# MARKPLEIN



Op soek na kwaliteit naaldwerk en perfekte afwerking?

Ek help graag vinnig, netjies en betroubaar!

📍 Equestria

📞 073 501 8228

Kontak Berta vandag en lyk weer op jou beste!

## WIL U IN DIE

## MENLO-INSIG ADVERTEER?

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig